Calvinia (1847)

Agter hul skape aan bereik die eerste pioniers van die Noordweste die Hantam-wereld in ongeveer 1744. Aanvanklik was die naaste kerke dié van Tulbagh en Swartland. Oor ‘n afstand van 200 myl het die boere een of twee maal per jaar vir nagmaal of-doopgeleenthede gereis. Die afstand is in 1826 met 120 myl verkort deur die stigting van die gemeente van Clanwilliam. Ds. E. H. du Roubaix, leraar van laasgenoemde gemeente, beveel sedert 1837 herhaaldelik by die Ring van Kaapstad aan dat ‘n aparte gemeente in die Hantam gestig word. Sy opvolger ds. H. L. de Villiers, slaag egter eers in 1846 daarin dat die ring van Tulbagh tot afstigting besluit.

Op 19 Januarie 1847 word die stigtings vergadering onder voorsitterskap van ds. J. C. le F. Moorrees op die plaas Tygerhoek gehou.

Die 33ste gemeente van ons Kerk, met name Hantam, is gestig.

Ook die afgestigte gemeente was ontsaglik groot en sou in later jare die gemeentes van Brandvlei, Loeriesfontein en Nieuwoudtville afstig.

Twee ouderlinge en vier diakens, wat deur die Ringskommissie benoem is, word op 12 Desember 1847 voorgestel. Hoewel nog herderloos, begin die kerkraad met die aanvoorwerk.

‘n Stuk grond (1400 morge) word van die eienaar van Ramskop, (veldk. A van Wyk, en grootjie van ons huidige Moderator, dr. A. J. van der Merwe) gekoop. Op hierdie stuk grond is die dorp later aangelê en die kerk gebou (ingewy op 7 September 1849).

Voortgaande het die kerkraad begin met die bou van ‘n pastorie. Toe die eerste leraar, ds. N. J. Hofmeyer (latere professor aan die Kweekskool te Stellenbosch) op 12 September 1851 verwelkom is, was die pastorie nog onvoltooid. Hierdie gebou het vir Calvinia 99 jaar tot pastorie gedien.

Op die eerste gewone kerkraadsvergadering het ds. Hofmeyer voorgestel dat die nuwe kerkdorp na die hervormer Calvyn herdoop moes word. Dit is eenparig goedgekeur. Sedert die publikasie van die Goewermentskennisgewing in die Staatskoerant van 31 Oktober 1851, heet die nuwe dorp Calvinia.

Met die vertrek van ds. Hofmeyer na Stellenbosch in 1858 was Calvinia vir vyf jaar herderloos. Ds. McCarter, 'n Skot, sou nie met ongemengde seën die vakature vul nie. Aangesien hy nooit Hollands magtig geword het nie, en die gemeente nie behoorlik kon verstaan nie, gee dit aanleiding tot die stigting van 'n tweede gemeente in 1887, wat bedien is deur ds. G.A. Scholtz. Deur die beywering van laasgenoemde en die tussenkoms van Prof. Hofmeyer is die twee gemeentes egter weer na die vertrek van ds. McCarter in 1882 verenig.

Die daaropvolgende leraar, ds. W. Robertson, moes na 'n bediening van ses jaar bedank.

Hierna tree die gemeente 'n rustiger tydperk binne.

Op dié oomblik het die gemeente sy agste opeenvolgende leraar, behalwe agt hulp-leraars tussen die jare 1933 – 1944 en twee medeleraars sedertdien.

'n uittreksel uit "ONS GEMEENTELIKE FEESALBUM"

'n Oorsig van die Ontstaan en Groei van Gemeentes van die Gefed. Ned. Geref. Kerke met geleentheid van die VAN RIEBEECK-FEES 1952.

Saamgestel deur ds. P. L. Olivier en beplan deur ds. N. Geldenhuys.